NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 33 - 2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

Sinode 31 Oktober 2018

Die Sinode van Goudland sit hierdie jaar op 31 Oktober 2018 te Tetelestai in Helikonpark, Randfontein, die Tuiste van die Sinode. Maak asseblief seker dat julle geloofsbriewe betyds by julle STREEK-SKRIBAS ingehandig word.

GEGEWENS VIR DIE JAARBOEK 2019

BAIE BELANGRIK: Indien daar enige gegewens van julle gemeente wat in volgende jaar se Jaarboek gaan verskyn, verander het, moet julle asseblief vir my voor 31 Oktober laat weet, sodat die nodige veranderinge nog aangebring kan word.

Baie dankie aan almal wat so fluks reageer het om julle gemeente se gegewens aan te stuur. Ek waardeer dit regtig baie.

- Noël Schreuder

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Lief en leed

Ons innige simpatie met die afsterwe van ds. Wouter Hugo de Vos, ds Berriede Vos van Veranderde Lewens se pa (berrie@vlng.co.za). Hy was 91 jaar oud.

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

Besluitneming by die 2019 Algemene Sinode

Die Algemene Sinode Moderamen het pas besluit om die tien deelnemende sinodes van die NG Kerk te vra om voorstelle te maak oor sake wat tydens die Algemene Sinode se 2019-vergadering bespreek kan word.

Die bedoeling is om wesenlike prioriteite met die oog op die toekoms wat op plaaslike vlak in die kerk leef op die algemene sinode se agenda te plaas. Die algemene sinode se werk word gerig vanuit artikel 43 van die kerkorde, wat bepaal:

43.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:

43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;

43.1.2 dit wat die Kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;

43.1.3 dit wat die Kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk Artikel 67.4 van die Kerkorde) ;

43.1.4 die viering van die Kerk se onderlinge verbondenheid;

43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;

43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die predikante;

43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode ;

43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;

43.1.10 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word.

Die algemene sinode beskik ook oor taakspanne wat uit lede vanuit die hele NG Kerk saamgesel word. Die insette van die taakspanne en die deelnemende sinodes sal gebruik word om te bepaal welke 4 of 5 sake vir

die volgende termyn die aandag van die algemene sinode behoort te geniet.

Die toonaard van die 2019-vergadering sal weer rondom die Bybel en ‘n sentrale tema plaasvind. Die kerk is oop wees om te luister na die Here, mekaar en die konteks.

Die vergadering vind van 7-11 Oktober 2019 plaas.

NUUSBROKKIES

Neels Jackson tree uit as redakteur van Kerkbode

Na ‘n dienstermyn van vyf jaar as Kerkbode-redakteur het Neels Jackson besluit om vroeg af te tree en meer aandag aan ‘n paar boeke wat hy wil skryf, asook sy liefde vir die natuur en fotografie te wy.

Hy skryf op Facebook dat sy energievlakke gedaal het en dat hy sukkel om deur ‘n gewone werksdag te kom.

Jackson se vertrek is ‘n groot verlies vir Kerkbode en vir die NG Kerk. Hy was vir 23 jaar kerksakeverslaggewer vir Beeld voordat hy redakteur by Kerkbode geword het. Dit het hom ‘n verstommende netwerk en oorsig oor die kerk se rol in Suid-Afrika gegee.

As missionale koerant het Kerkbode hom die afgelope vyf jaar toegespits om verhale van lidmate en gemeentes se kreatiewe en dienende gehoorsaamheid oor te vertel. (met dank aan Grenspos)

Vakature: Redakteur Kerkbode

Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk adverteer ‘n pos vir redakteur Kerkbode. Klik hier vir die posbeskrywing.

Jeugbediening: Kreatief vir KiX

Die KiX Kinderbediening-skryfspan het die afgelope week na hul kinderkonferensie* hard gewerk om 30 splinternuwe ontmoetings vir 2019 te skryf. Dié kreatiewe groep skrywers het omtrent gewikkel om materiaal, liedjies en aktiwiteite te ontwerp. Die kwartaaltemas vir 2019 is “Dapper Dissipels”, “Padlangs met Petrus”, “Geheime van die Koninkryk” en “Wonderlike Wonderwerke”. Bestel gerus in gedrukte vorm by Maryke by die Jeugkantoor (021 808 9050 of jeug@sun.ac.za) of besoek die webwerf om 2018 se ontmoetings gratis te af te laai in Afrikaans of Engels.

*Kry opsommende artikels van die hoofsprekers by die KiX-kinderkonferensie hier. (met dank aan VrydagNuus)

Jongste hulpmiddels vir kinderbediening

As jy die kinderkonferensie misgeloop het, kan jy nog van die hulpmiddels by die Jeugkantoor koop. Die besempop-pakket bevat alles wat jy nodig het om twee besempoppe te maak, asook ‘n handleiding met ontmoetings daarby. Die sandboks-pakket bevat alles wat jy benodig om ‘n sandboks met figuurtjies te maak wat jy kan gebruik om ‘n verhaal te vertel. Dit sluit ook ‘n handleiding met ontmoetings in.

Beide pakkette kos R100 en kan by Maryke bestel word by die jeugkantoor 021 808 9050 of jeug@sun.ac.za. Daar is nog net ‘n paar van elke pakket oor. (met dank aan VrydagNuus)

CLF: Publikasies wat handel oor toerusting vir kerkleiers

1. Kaleidoskoop van kerke – wat kerke glo en doen (Pieter Verster)

Dit is ‘n lekkerlees-boek vol wetenswaardighede oor die verskillende Christelike kerke in Suid-Afrika. Dit dwing

ons om na te dink waaroor dit in 'n kerk behoort te gaan: oor "Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, Lig uit Lig, waaragtige God…", wat ons uit genade red, aan ons geloof skenk, ons tot sy kerk versamel en deur sy Woord en Gees regeer. Hierdie boek is bedoel vir elkeen – veral ook lidmate – wat wonder oor die kerk.

2. Wat is die verskil tussen kerke wat groei en kerke wat sterf? (Braam Hanekom)

Die vraag na die toekoms van die kerk word tans hewig gedebatteer. Sommige wil dit hê dat die einde van die gevestigde en geïnstitusionaliseerde kerk in sig is. Ander wys op die fassinerende groei wat wel in kerke plaasvind. Braam Hanekom kyk in hierdie boek eerlik na die feit dat sommige kerke tans groei en ander sterf. Eerlike en soms konfronterende vrae word gevra oor wat die verskil tussen hierdie kerke sou wees. Braam laat die fokus helder en duidelik val op Christus as die fondament waarop alle volhoubaar groeiende kerke staan, maar kyk ook na die belangrike lesse wat die bedieningspraktyk ons die afgelope jaar geleer het. Dit bevat egter ook verrassende insigte uit die wetenskap van organisasiebestuur waarby die kerk beslis kan baat. Die boek wil graag in gesprek tree met diegene wat ernstig is oor die toekoms van die kerk.

Hierdie boeke is aanlyn beskikbaar by CLF of kontak ons by (021) 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za

---

INTERESSANTE ARTIKELS

Rensburg help mense blom soos kosmos in die herfs

Rensburg is 'n gemeente in Heidelberg in die suide van Gauteng. In hulle gebied is daar baie nood, maar daar het ook 'n groep ontstaan waar daar omgegee word vir mekaar. NEELS JACKSON vertel.

Lees verder

BYBEL-MEDIA

LIG-tydskrif vir Oktober

In die Oktober-LiG fokus ons op speel!

- In die Oktober-uitgawe van LiG ontdek ons die waarde van niksdoen en dat dit 'n Bybelse opdrag is.
- Ons gesels ook met Nádine oor die liefde in haar lewe en Frank Rautenbach vertel oor die ander plan wat God vir sy loopbaan beplan het.
- 'n Skrywer vertel hoe hy en sy 4-jarige seun deur die kerkgeskiedenis gereis het. En 'n paartjie deel hulle storie van verlies, hoop en genade.
- LiG ondersoek die humor in die Bybel, ons vra waarom Hooglied in die Bybel hoort en raak weer verwonderd oor God se genade wat nooit ophou nie.
- Ons kyk na die waarde van skoolsport en hoe om die regte terapeut vir jou kind te kies.

Hierdie uitgawe is vanaf 17 September in boekwinkels en supermarkte te koop. Of teken in as gemeente en spaar! Gesels met Jeanne van Niekerk vir meer inligting. (Kliek op Jeanne se naam om 'n e-pos te stuur of skakel haar by 021 864 8252.)

Jy kan die gespreksgids vir selgroepe hier aflaai. Hierdie gespreksgids gebruik artikels uit LiG om selgroepe aan die gesels en dink te kry oor hulle geloof en hoe om dit uit te leef.

Nuwe publikasie van prof Dirkie Smit: Ons glo in

Een van die verblydendste ontwikkelings in die teologie die afgelope ongeveer 40 jaar is 'n nuwe belangstelling in die Christelike verstaan van God as die drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees.

Ons glo in van Dirkie Smit sluit by hierdie ontwikkeling aan. Hierdie boek, wat oorspronklik afsonderlike Pinksterreekse was, sluit sterk aan by die heel belangrikste belydenis van die vroeë kerk – die Geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie belydenis is die een wat deur feitlik alle Christelike kerke aanvaar word. Dit verwoord die een geloof wat ons almal met mekaar deel. Dit verwoord helder en duidelik wat ons glo oor die drie-enige God.

Een van die beste dinge wat gelowiges vandag kan doen, is om saam te kyk na wat die Geloofsbelydenis van Nicea vir ons sê oor God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

Hierdie boek sal 'n wonderlike gids en 'n waardevolle hulpmiddel vir so 'n ontdekkingstog wees.

Dirkie Smit is 'n buitengewone professor in Sistematiese Teologie by die Fakulteit Teologie van die Stellenbosch Universiteit. Tans is hy die Rimmer and Ruth de Vries professor of Reformed Theology and Public Life, Princeton Theological Seminary in Princeton, New Jersey, VSA. Koop nou by Bybel-Media. Prys: R160,00

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theowmarais@gmail.com - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS